14 Julie 1983

Die Saakgelastigde
Ned Geref Kerk in die OVS
Posbus 399
BLOEMFONTEIN
9300

Geagte mnr van Dyk

INSAKE DIE PLAAS VALSCHFONTEIN

Nadat ons met mekaar gepraat het, het ek mnr Jannie Pretorius van Naudes geraadpleeg. Aangeheg 'n fotostaat van sy standpunt. Daarna het ek weer met hom gepraat en hy oordeel dat dit nie nodig is om iets verder op skrif te stel nie.

Ek beveel aan dat ons volstaan met die standpunt-stelling van mnr Pretorius soos in sy brief uiteengesit.

Met agting

DS D S SNYMAN
SEKRETARIS SSK

NAUDES

PROKUREURS
TRUSTFONTEINGEBOU
ST. ANDREWSTRAAT 151
BLOEMFONTEIN 9301

☎ (051) 70611
✉ 153 of 260 (9300)
⚡ 267127
Ψ EDUAN

U VERW.

ONS VERW. MNR PRETORIUS/hl

DATUM 1983:07:13

PER HAND

Ds D S Snyman
Sendingsekretaris
Sinodale Sentrum
St Andrewstraat
BLOEMFONTEIN
9301

Geagte heer

BOEDEL WYLE F G TROMP

Ons verwys na ons telefoniese gesprekke met u en Ds Van Vuuren van die 12de deser in verband met die bostaande aangeleentheid. Ons wil kortliks soos volg aan u berig:

Ingevolge Akte van Transport nr 1767/1929 is die plaas VALSCHFONTEIN no 147, distrik Bethulie, geregistreer in die naam van die Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat, onderhewig aan die volgende voorwaarde :

> "Dat die gemelde eiendom nie vervreem, verpand of verbind mag word sonder die toestemming van al die diensdoende Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat."

Soos u bewus is, het die voormelde Akte van Transport nie die volle bedoeling van die oorlede testateur weergegee nie en is daar vervolgens 'n aansoek aan die Hooggeregshof gerig en is die volgende endossement op die transportakte aangebring ooreenkomstig die Bevel van die Hof wat verleen is, te wete :

> "Dat die inkomste wat verkry word van die hierinvermelde eiendom aangewend sal word vir die Sending en die Diens van Barmhartigheid en wel in gelyke dele."

bladsy twee / ....

VENNOTE:

AKTES: J.A. VAN ZYL; P.G.L. VAN BLERK, B.A., LL.B.; A. DU T. MALAN, B.Iuris; F.R.R. NEETHLING, B.Proc.

BOEDELS EN BEPLANNING: D.W. VENTER, Dip.Iuris; J.I.J. FICK, B.Com., B.Iuris; C.J. VENTER, B.Iuris

HOWE: J.C. PRETORIUS, B.A.; D.W. MORRISON, B.A., LL.B., LL.M.; J.P. DE WET, Dip.Iuris; D.J. NORTIER, B.A., B.Iuris; P.C.F. VAN ROOYEN, B.Iuris, LL.B.; H.N. BOTHA, B.A., LL.B.; Bygestaan deur/Assisted by: S.W. DE WET, B.Proc.; M.J. MOLLER, B.Proc.

KOMMERSIEEL EN BELEGGINGS: T.D. POTGIETER, B.A., LL.B. (Waardeerder); P.R. SERFONTEIN; M.C.J. BOBBERT, B.A., LL.B., M.B.L.; Bygestaan deur/Assisted by: W.W. VAN BREDA, B.Proc., D.Com.

Dit blyk nou dat voormelde instansies ooreengekom het dat die een instansie sy reg, titel en belang aan die ander instansie vervreem teen betaling van 'n bepaalde geldsom.

Dit dien daarop gelet te word dat die Sending en die Diens van Barmhartigheid noodwendig slegs 'n belang in die inkomste van die tersake eiendom het en dat die vervreemding van hierdie belang tussen hierdie twee instansies nie die vervreemding van die eiendom as sodanig daarstel nie en kan daar derhalwe geen beswaar teen die beoogde vervreemding van die betrokke belange wees nie.

Ons weet natuurlik nie hoedanig die notules en besluite hieromtrent lees nie en indien u dit aan ons beskikbaar sal stel, sal ons dit graag vir u nagaan en indien u verlang dat 'n behoorlike ooreenkoms in dié verband opgestel word, sal ons dit onmiddellik vir u doen.

Hoogagtend
die uwe

NAUDES